No 11 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 1 JUNE 2023

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Mr T M Klaas: The lack of access to land for poor, marginalised and emerging black farmers (black, coloured and Indian) in the Western Cape.

**MOTION**

1. Ms C Murray: That the House, as the representatives of 7,2 million people in the Western Cape, one of South Africa's 9 provinces, notes the economic development and job creation that the African Growth and Opportunities Act (AGOA) provides the Western Cape through preferential access to the USA market for many of our exporters; notes that, despite the Western Cape having the lowest unemployment rate in the country with a 25,9% expanded unemployment rate for the first quarter of 2023, unemployment remains a challenge in the province; recognises the role AGOA plays in creating jobs where they are needed the most; recognises that South Africa has benefitted tremendously from this Act through increased exports to the world's biggest consumer market, the USA; notes that the ANC's foreign policy, through their support of Russia's invasion of Ukraine, is putting South Africa's inclusion in any renewal of AGOA at risk; and notes that trade is a concurrent area of national and provincial legislative competence in accordance with the Constitution, Schedule 4, Part A.

   Therefore, that this House resolves to reaffirm the USA and the Western Cape's friendship and important economic and trade ties; supports the renewal of AGOA in 2025; calls on the President to take urgent diplomatic action by engaging with the United States on ensuring SA's inclusion in AGOA once again; calls on the Minister of the Department of Trade, Industry and Competition to support trade relations on behalf of the Western Cape

in making every effort to negotiate in good faith for the renewal of AGOA; and emphasises strong bilateral ties with the US and commits to strengthening these ties.

---

## FURTHER BUSINESS

### NOTICES OF MOTION *(1 June 2023)*

1. Mr K Brinkhuis: That the House discusses the unsafe transportation of learners to and from schools.

2. Ms A P Bans: That the House debates mass and fatal shootings that seem to be common in the Western Cape.

3. Mr C M Dugmore: That the House debates the Western Cape Provincial Powers Bill.

4. Mr M Kama: That the House debates the possible collusion between the police and gangs in the Western Cape.

5. Ms R Windvogel: That the House debates the functioning of healthcare facilities in the province.

6. Ms P Z Lekker: That the House debates the Western Cape Provincial Parliament cyberattack.

7. Mr F C Christian: That the House debates the delay in getting the railway lines and related infrastructure in the Western Cape in working condition to the benefit the community.

### NOTICES OF MOTION *(25 May 2023)*

1. Mr L L Mvimbi: That the House notes and commends the South African President, HE Cyril Matamela Ramaphosa, accompanied by members of the executive from the national, provincial and local spheres of government, on the sixth Presidential Imbizo that was held with a focus on the District Development Model and with the theme "Leave no one behind", as many appreciated the opportunity to engage with the President and to raise their issues; notes that the President focused on the challenges raised around crime, gender-based violence and gangsterism in the province and assured community members that these issues will be addressed in a meaningful manner; notes that the DA chief whip, Wendy Kaizer-Philander, called the Presidential Imbizo an "electioneering ploy by the ANC", when her own Premier Alan Winde and Minister Anton Bredell were part of the delegation accompanying the President; notes that this is a clear picture of how DA's internal conflict will hurt the citizens of the Western Cape; notes that it is the same Philander's cabinet that had a week-long outreach programme that yielded no positive outcome, except for useless and wasteful expenditure, but wants to come and make baseless accusations about the Imbizo; and notes that, if she wants to investigate wasteful expenditure, she must first start with the DA.

2. Mr M K Sayed: That the House notes with shock the numerous challenges faced by the recently built Witsand Primary School; notes that the WCED only provides food for 120 of the 700 learners, all of whom come from impoverished communities in the area; and notes that there are no security personnel at the school while the school has been broken into on three occasions with no response from Safe Schools.

*See also:* Mr F C Christians (p 4); Mr P J Marais (p 4); Ms L M Maseko (p 5); Mr M K Sayed (p 6); Mr C M Dugmore (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Mr M Kama (p 6); Ms A P Bans (p 6); Ms A P Bans (p 7); Mr M K Sayed (p 7); Ms N D Nkondlo (p 7); Ms N G Bakubaku-Vos (p 7); Mr M K Sayed (p 8); Ms D M Baartman (p 8); Mr T M Klaas (p 8); Mr C M Dugmore (p 11); Ms A Cassiem p 12; Mr T M Klaas (p 12); Ms A P Bans (p 12); Ms N D Nkondlo (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N G Bakubaku-Vos (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr F C Christians (p 14); Mr I M Sileku (p 14); Ms N G Bakubaku-Vos (p 15); Mr M K Sayed (p 15); Ms A P Bans (p 15); Mr M Kama (p 15); Mr C M Dugmore (p 16).

No 11 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 1 JUNIE 2023

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Mnr T M Klaas: Die gebrek aan toegang tot grond vir die arm, gemarginaliseerde en opkomende swart (swart, bruin en Indiër) boere in die Wes-Kaap.

**VOORSTEL**

Me C Murray: Dat die Huis, as die verteenwoordiger van 7,2 miljoen mense in die Wes-Kaap, een van Suid-Afrika se nege provinsies, kennis neem van die ekonomiese ontwikkeling en werkskepping wat die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (AGOA) aan die Wes-Kaap bied deur voorkeurtoegang vir baie van ons uitvoerders tot die VSA-mark; kennis neem dat, ten spyte van die Wes-Kaap wat die laagste werkloosheidsyfer in die land het met ŉ 25,9%- uitgebreide werkloosheidskoers vir die eerste kwartaal van 2023, werkloosheid ŉ uitdaging in die provinsie bly; erkenning gee aan die rol wat AGOA speel om werk te skep waar dit die nodigste is; erkenning gee dat Suid-Afrika geweldig by hierdie wet baat gevind het deur verhoogde uitvoere na die wêreld se grootste verbruikersmark, die VSA; kennis neem dat die ANC se buitelandse beleid, deur hul ondersteuning van Rusland se inval in Oekraïne, Suid-Afrika se insluiting by enige hernuwing van AGOA in gevaar stel; en kennis neem dat handel ŉ konkurrente gebied van nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid is in ooreenstemming met die Grondwet, Bylae 4, Deel A.

Daarom, dat hierdie Huis besluit om die VSA en die Wes-Kaap se vriendskap en belangrike ekonomiese en handelsbande te herbevestig; die hernuwing van AGOA in 2025 ondersteun; ŉ beroep op die President doen om dringende diplomatieke stappe te doen deur met die Verenigde State in gesprek te tree om SA se insluiting by AGOA weer te verseker; ŉ beroep op die Minister van die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging doen om handelsbetrekkinge

namens die Wes-Kaap te ondersteun deur elke poging aan te wend om in goeder trou vir die hernuwing van AGOA te onderhandel; en sterk bilaterale bande met die VSA beklemtoon en hom verbind tot die versterking van hierdie bande.

---

## VERDERE WERKSAAMHEDE

### KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(1 Junie 2023)*

1. Mnr K Brinkhuis: Dat die Huis die onveilige vervoer van leerders na en van skole bespreek.

2. Me A P Bans : Dat die Huis massa- en noodlottige skietvoorvalle wat algemeen in die Wes-Kaap blyk te wees, debatteer.

3. Mnr C M Dugmore: Dat die Huis die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Provinsiale Bevoegdhede debatteer.

4. Mnr M Kama: Dat die Huis die moontlike samespanning tussen die polisie en bendes in die Wes-Kaap debatteer.

5. Me R Windvogel: Dat die Huis die funksionering van gesondheidsorgfasiliteite in die provinsie debatteer.

6. Me P Z Lekker: Dat die Huis die kuberaanval op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement debatteer.

7. Mnr F C Christian: Dat die Huis die vertraging om die spoorlyne en verwante infrastruktuur in die Wes-Kaap in werkende toestand tot voordeel van die gemeenskap te kry, debatteer.

### KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(25 Mei 2023)*

1. Mnr L L Mvimbi: Dat die Huis kennis neem van en die Suid-Afrikaanse President, Sy Eksellensie Cyril Matamela Ramaphosa, vergesel deur lede van die uitvoerende gesag uit die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere, aanprys vir die sesde Presidensiële Imbizo wat gehou is met die fokus op die Distriksontwikkelingsmodel en met die tema “Laat niemand agter nie”, aangesien baie die geleentheid waardeer het om met die President te skakel en hul kwessies met hom te opper; kennis neem dat die President gefokus het op die uitdagings wat uitgelig is met betrekking tot misdaad, geslagsgebaseerde geweld en bendeaktiwiteite in die provinsie en gemeenskapslede verseker het dat hierdie kwessies op ’n sinvolle wyse aandag sal geniet; kennis neem dat die DA-hoofsweep, Wendy Kaizer-Philander, die Presidensiële Imbizo ’n “verkiesingsfoefie van die ANC” genoem het, ten spyte daarvan dat haar eie Premier Alan Winde en Minister Anton Bredell deel van die afvaardiging was wat die President vergesel het; kennis neem dat dit ’n duidelike prentjie skets van hoe die DA se interne konflik die burgers van die Wes-Kaap sal skaad; kennis neem dat dit dieselfde Philander is wie se Kabinet ’n weeklange uitreikprogram gehad het wat geen positiewe uitkoms opgelewer het nie, behalwe vir nuttelose en verkwistende uitgawes, wat nou ongegronde beskuldigings oor die Imbizo wil kom maak; en kennis neem dat, indien sy verkwistende uitgawes wil ondersoek, sy eers by die DA moet begin.

2. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met skok kennis neem van die talle uitdagings wat die onlangs geboude Witsand Primary School in die gesig staar; kennis neem dat die WKOD slegs kos voorsien aan 120 van die 700 leerders, wat almal uit verarmde gemeenskappe in

die gebied kom; en kennis neem dat daar geen sekuriteitspersoneel by die skool is nie terwyl daar by drie geleenthede by die skool ingebreek is met geen reaksie van Veilige Skole nie.

*Kyk ook:* Mnr F C Christians (bl 4); mnr P J Marais (bl 4); me L M Maseko (bl 5); mnr M K Sayed (bl 6); mnr C M Dugmore (bl 6); me R Windvogel (bl 6); mnr M Kama (bl 6); me A P Bans (bl 6); me A P Bans (bl 7); mnr M K Sayed (bl 7); me N D Nkondlo (bl 7); me N G Bakubaku-Vos (bl 7); mnr M K Sayed (bl 8); me D M Baartman (bl 8); mnr T M Klaas (bl 8); mnr C M Dugmore (bl 11); me A Cassiem (bl 12); mnr T M Klaas (bl 12); me A P Bans (bl 12); me N D Nkondlo (bl 12); me A P Bans (bl 13); me N G Bakubaku-Vos (bl 13); me R Windvogel (bl 13).